Uitgawe 46
30 Nov - 6 Des 2025

Anker vir die week

RUGAMA
Tel. nr 016 976 7500
Epos: ng4ankers@gmail.com
Webadres: http://www.ng4ankers.wordpress.com



Hom verkondig ons deurdat ons alle mense met alle moontlike wysheid onderrig en leer, sodat ons elke mens tot geestelike volwassenheid in Christus kan bring
Kol 1:28

Die begin van 'n nuwe jaar

Die spoed van die jaar se wedloop begin afneem. 'n Jaar wat teen 'n duiselingwekkende spoed verby gevlieg het se laaste maand breek môre aan. Oral is mense besig om gereed te maak vir welverdiende rus na die swaar las van 'n uitputtende werkslading. Ons sien uit na 'n tyd vir saamwees met geliefdes en so in die agterkop word al beplan of gedroom wat ons op watter feesdag gaan eet en drink. 'n Lekker tyd van die jaar. Ons het hard gewerk en nou wag daar 'n tydjie vir asemskep.

Ons kan mekaar in dié tyd niks beter toewens as dat die maand wat voorlê vir elkeen en ons geliefdes 'n geseënde tyd sal wees nie. Mag jy en jou naastes dus 'n besondere tyd van rus, vrede en welwillendheid beleef. Geniet elke oomblik van die feestyd aan die einde van die jaar.

Alhoewel ons die einde van die kalenderjaar ingaan mag jy nie vergeet dat dit die aanvang van die kerk se nuwe jaar beteken nie. Ons vier die geboorte van Jesus, sy koms, om vir ons 'n nuwe lewe saam met die Vader moontlik te maak. Ons fees is dus nie die uitbundige oordaad van die wêreld nie, maar die diepe besef van die sin en waarde van die lewe wat Christus gee. Mag die feestyd daarom vir jou en jou geliefdes in hierdie tyd ewigheidswaarde hê. As al die geskenke oop is en die kersbome weggepak word, mag jy nog steeds die vreugde van 'n ware Christusfees met jou geliefdes beleef. Roelf Pienaar

Program vir die week

Sondag 30/11
09:00 **Kerssangdiens** by die kerk
Kollekte: Teologie Studentefonds

Donderdag 04/12
09:00 Sopkombuis by *SvH*

Saterdag 06/12
08:00 Instandhouding by die kerk

Sondag 07/12
09:00 Erediens by die kerk
Kollekte: Plaaslike instandhouding

Kollekte: Teologie Studentefonds

Die kollekte wat vandag opgeneem word, word gebruik vir die opleiding van leraars van die NG Kerk asook die VGK en NGKA. Die Bystandfonds is nie net nodig vir studente se formele studies nie, maar ook hulle pastorale sorg en begeleiding.

Verkiesing as kerkraadslede

Tydens die afgelope *Kerkraadsvergadering* is die volgende persone gekies of herkies:
*Gavin en Susan Gerber – Wyk 16
*Dr Manie Kleynhans
*Ronel Colitz - Jeugaksie
Bid dat die Here hulle sal lei om sy roepstem te hoor sodat hulle die regte besluit sal neem. Bid vir die kerkraad as geestelike leiers van die gemeente.

Laaste *Rugama* vir 2025

Vir Desember plaas ons weer die verjaardae op die kennisgewingborde en deel 'n spesiale Rugama met al die datums uit, sodat u ook tydens die vakansie mense kan gelukwens. Ons kommunikasiekanale bly aktief: YouTube, die webwerf, Facebook en WhatsApp. **Belangrik:** Stoor 066 010 3975 en WhatsApp u naam daarheen om afkondigings te ontvang.

Elektroniese adresse
Vier Ankers se Website/Blog: *http://www.ng4ankers.wordpress.com*
WhatsApp-groep en sms'e: Stoor die nommer *066 010 3975* op u foon en *WhatsApp* u eie naam aan 066 010 3975.
Facebook: *NG Vier Ankers Sasolburg.*
Eredienste op *YouTube*: *NG Kerk 4 Ankers*
Sentrum van Hoop: *https://www.sentrumvanhoop.org/*

Teks vir Desember

1 Tess 3:12 ~ En mag die Here julle liefde vir mekaar en vir alle mense laat groei en oorvloedig maak, net soos ons liefde vir julle.

Huweliksherdenkings



Baie geluk aan:

*Koos en Mientjie Marais (wyk 25) met hul 45ste huweliksherdenking op 6 Desember;

*Tienie en Erika Prinsloo (wyk 70) met hul 56ste huweliksherdenking op 6 Desember.

Verjaardaglys



Onthou - Verjaardagplan

Skenk R1 vir elke lewensjaar op u verjaardag, uit dank vir die genade wat u van die Here ontvang het, die afgelope jare. Dit is nie verpligtend nie - u gee wat u kan.

	Wyk
30/11	
Duan du Toit	21
01/12	
Breggie Steenkamp	45
Agatha Venter	31
André le Roux	30
02/12	
Jen Harris	28
Jessi Harris	28
Bianca Marx	1
Don Smook	22
Koster van Heerden	45
Barbara Walker	21
03/12	
Zandre van Wyk	36
Amanda Pretorius	13
04/12	
Pelham Bothma (jnr)	69
Nicolene Gouws	34
Magda Heyns	70
Jean Scholtz	10
Susan Smook	22
05/12 geen verjaardae nie	
06/12	
Stefan Hugo	30
Johan Meyer	45
Susan Gerber	17

Neem asseblief daarvan kennis dat die kerkkantoor gesluit sal wees van 29 tot 31 Desember 2025.

Baie dankie!

Dankie vir elkeen wat betrokke was by vandag se Kerssangdiens. Dankie vir die Vroue Aksie wat die saal en verversings vir ons voorberei het. Ons nooi almal om na afloop van die erediens in die saal saam te kuier.

Aftree.4 afsluiting

Op Donderdag 4 Desember kuier ons die laaste keer vir 2025 saam. Ons nooi graag alle lidmate wat afgetree is, of wat saam kan kuier, om die geleentheid nie te mis nie. Ons vertrek 10:00 vanaf die kerksentrum na Sarel en Cobene Saaijman waar ons saam gaan braai. Elkeen sorg vir ’n eie vleisie, broodjie of slaai, breekware en messegoed. Ons gee die vuur! Kom sluit die jaar op ’n hoogtepunt af.

Manne werk by die kerk

Al die manne in die gemeente word hartlik uitgenooi om op Saterdag 6 Desember saam te werk aan die instandhouding van ons gemeentesentrum. Ons ontmoet 08:00 by die kerk vir ’n vinnige koffietjie, waarna ons saam aan die werk spring. Bring gerus jou gereedskap en natuurlik ’n bietjie sin vir humor en kom help ons om ons sentrum mooi te hou. Alle nodige materiaal word voorsien. Kom kuier én werk saam!

Geskenkies vir werkers

Ons moedig, soos in die verlede, lidmate weer aan om in die Kersfeestyd te dink aan twee werkers van die gemeente wat stilweg hul kant bring. Jacob en Betta, wat help met skoonmaak en instand hou, waardeer altyd u liefde en ondersteuning opreg. Indien u ’n bydrae wil maak tot ’n Kerspakkie vir hulle, kan u gerus met die kantoor skakel.

Gebedslys

*Pieter van Zyl (wyk 73);
*Sonja van Bergen (wyk 2);
*Susan Chamberlain (wyk 31) se broer, George;
*Mossie Mostert (wyk 12);
*Gideon Pretorius (wyk 45);
*Marisa Deetlefs (wyk 17);
*Tina Swart (wyk 39);
*Alta van Dyk (wyk 41);
*Rina Lombaard (wyk 23);
*Norman & Annatjie McLean (wyk 18) se seun, Ferdi;
*Alida Smit (wyk 44).

Soli Deo Gloria